

**KONTRAKBREUK**

Lees: Amos 1:6-10

Teks: Amos 1:9b

Amos spreek God se oordeel uit oor die mense van Tirus. Die Fenisiërs het in Tirus gebly. Vroeër in die geskiedenis het hulle 'n baie goeie verhouding met Israel gehad.

- ✘ Salomo het vir koning Hiram van Tirus op 'n keer selfs aangespreek as "my broer" (1 Kon.9:13).
- ✘ Daar was ook handelsbande tussen hierdie twee volke (1 Kon.5; 2 Sam.5:11).

Dit was bykans 200 jaar gelede en in so 'n tydperk kan baie dinge verander in die verhouding tussen volke. Tirus het sy ooreenkoms met sy bondgenoot Israel verbreek. Die groot oortreding wat Tirus begaan het, was dat hulle die Israëliete as slawe aan Edom verkoop het. Die Here sê Tirus moes gedink het aan sy amptelike ooreenkoms met Israel.

God verwag selfs van die heidene dat hulle hul ooreenkomste sal nakom. God het dus wel deeglik te doen met verdrae, ooreenkomste, verbonde, bondgenootskappe wat tussen mense gesluit word. God se regering geld vir alle terreine van die lewe. Die beginsels van God se Woord bind alle verhoudings waarin die mens te staan kom.

Daarom dring die swaard van die Gees in tussen die voeë van menslike verhoudings. God kan verwag dat die mens sy plegtige ooreenkomste nakom, want God kom sy beloftes na (Hand.2:39). Die belofte van die verlossing in Christus vir elkeen wat glo, het God nagekom. Sy voorneme van bystand, ondersteuning en beskerming volvoer Hy. Op grond van sy trou beveel die Here die mense aan om hulle woord en belofte getrou te wees. Dit geld vir vriendskapsbande, ekonomiese ooreenkomste, finansiële kontrakte, inter-menslike voornemens, huweliksbeloftes, internasionale ooreenkomste, politieke verpligtinge, wat ook al. Waartoe jy jou verbind, moet jy nakom. Kontrakbreuk word deur die Here gestraf soos die mense van Tirus moes ervaar.

- ✘ So ouditeer die Here ons balansstate vir die nakoming van kontrakte.

Die Here toets ons beloftes of ons dit nakom.

*Dr. Nico van der Merwe*

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 13 Maart 2011

Nommer 9

**DIE HERE HAAT GEWELD**

Geweld is 'n werklikheid. In Suid-Afrika heers 'n kultuur van geweld en die spiraal daarvan kan maar net nie gebreek word nie. Elke minuut van die dag en die nag vind 'n geweldsmisdad plaas. Verkragting, kaping, gewapende roof, moord, kindermishandeling, is so deel van ons gemeenskap dat dit ons amper nie meer skok nie. So ver as moontlik beveilig die mense hulle hier teen, en intussen gaan elkeen met sy lewe voort asof daar niks ernstig gebeur nie. Vanuit die hemel kyk God na Suid-Afrika, ja, na alle lande van die wêreld en Hy sê: "*Wie geweld liefhet, haat Hy*" (Ps.11:5; Mal.2:16). Die rede?

- Geweld word gebruik om die leuen die skyn van waarheid te gee.
- Geweld keer geregtigheid om in onreg en laat onreg dan lyk na reg.
- Geweld gaan gepaard met onderdrukking, terwyl geweldenaars dit verstaan as die middel wat tot vryheid, bevryding en rykdom bring.

Geweld is Satan se metode om sake op aarde volgens sy duiwelse oordeel op te los [Eseg.7:11, Ps.37:35]. Die eerste geweldenaar was Lameg uit die geslag van Kain (Gen.4:19-24) en ons lees van die geweldenaar Nimrod (Gen.10:8). O.a. bring God die sondvloed oor die mensdom vanweë hulle geweld. Van die ongelowiges sê God: "*Misdad is hulle kos, geweld hulle drank*" (Spr.4:17). Netso sien God ook die geweldenaars en hulle dade in Suid-Afrika. Wat is God se antwoord op die geweld? **Die verkondiging van die evangelie**. Daar is dus net een manier om nie op geweld verlief te raak nie, en dit is om jou hart in liefde aan God te bind. Ons wil so graag geweld met geweld vergeld. Dit is egter die Christene se plig om 'n voorbeeld te stel en op enige denkbare wyse die evangelie van versoening aan die geweldenaars te verkondig sodat God se Gees in hulle kan werk. God haat ook die mense wat geweld liefhet en in die hande van die Satan speel deur gewelddadig op te tree teenoor ander mense. Op die pad van geweld loop jy die weg waarvan die uiteinde die hel is. Die pad van die liefde is die weg wat uitloop op die ewige lewe. Dit is vanweë God se liefde dat ons van die geweld van die Satan bevry word en deel kan hê aan die verlossing in Jesus Christus [Joh.3:16].

*Dr. Nico van der Merwe*

## VERWELKOMING VAN DR SAREL EN ANINA VAN DER WALT EN KINDERS

Die kommissie getaak om die ontvangs en verwelkoming van ons nuwe pastoriepaar te reël en koördineer het vergader en wil graag die volgende onder die gemeente se aandag bring:

- ✘ Die verwelkomingsgeselligheid sal plaasvind op **Saterdag 16 April 2011** by die **lapa/afdak** op die kerkterrein. Dit word beplan om 'n gesellige samekoms te wees waar lidmate en die pastoriepaar mekaar op 'n informele wyse kan ontmoet en leer ken.
- ✘ Daar sal vanaf **15:30** 'n kort verwelkomingsprogram aangebied word
- ✘ Ons beplan om die dag af te sluit met 'n heerlike verskeidenheid van potte en bykosse wat die smaakkliere sal prikkel en almal as dik vrinne laat huiswaarts keer. Ete sal teen **16:30** gereed wees.
- ✘ Daar sal ontspanning vir die jeug gereël word.
- ✘ **Sondag 17 April 2011** sal Ds. Pieter van der Walt, dr. Sarel se vader, die erediens lei en dan ook die bevestiging van Dr Sarel behartig. Na die diens sal die susters ligte verversings in die saal saam met die tee bedien.
- ✘ **Sondagaand 17 April 2011** sal Dr Sarel die erediens lei en sy intrepreek lewer. 'n Beroep word op die gemeente gedoen om 'n spesiale poging aan te wend om die aandiens (en alle ander) by te woon.

Om die reëlings te vergemaklik word die gemeente versoek om **name en getalle vir die funksie op Saterdag 16 April 2011 op die lyste in die portaal, by die saal- en orreldeur te skryf.**

Vir die funksie van Saterdag word lidmate versoek om eie stoele, tafeltjies, eetgerei en drinkgoed saam te bring.

Enige navrae hieromtrent kan gerig word aan **Alf White, Pierre van der Walt, Santie van der Westhuizen, Christa Snyman, Bets de Lang, Kotie & Hennie Oosthuizen.**



## PREKE VANDAG



**Oggenddiens: TEMA: God het nie behoefte aan advokate nie, maar aan mense wat Hom in liefde dien**

Job 40:1-14 & Job 42:1-8

Prof. dr. George Lotter

Aan die einde van die boek Job, toon God aan Job: as jy sien wat Ek in die natuur doen en my daarmee kan vertrou, kan jy dit ook doen met jou lewe. Job het steeds aan God vasgehou in geloof ten spyte van al sy terugslae en al was daar klaarblyklik geen voordeel vir hom om God aan te hou dien nie.

Die uitkoms van die beskrywing oor Job is dat die satan en Job se vriende hulle koppe in skaamte laat sak en verleë moes weggaan.

Daar is groot genade bewys teenoor Job se vriende: dat hy *steeds* vir hulle kan bid dat hulle vergewe sal word. Job se vriende werk met 'n verkeerde Godsbegrip en vergelding. Hulle hou vol dat Job gesondig het en dat hulle God se advokate moet wees vir sy saak. Teen die einde van die boek is **hulle** die verkeertes vir wie geoffer moet word. Job wat maar net in liefde en gehoorsaamheid aan God vasgehou het, is reg bewys en hy word in ere herstel.



## VAN AGTER - NIE VAN VOOR

Lees: Eksodus 33:7-23 Teks: Eksodus 33:23

Moses het intiem met God gelewe; selfs tot 40 dae en nagte op die berg by God (Eks 24:18). Moses het God egter nooit gesien nie. Die begeerte om God te sien kry die oorhand. Hy vra: "Laat ek tog net u magtige verskyning sien!" (vs. 18). God antwoord: "Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie" (Eks 33:20). God is die Oneindige, die Onvatbare, die Ontoeganklike, die Ondeurgrodelike. Daarom kan die sondige mens God in sy volmaakte en ewige heerlijkheid nie sien nie. God het in die Bybelse tyd op 'n gesluisde wyse aan mense verskyn (Eks 3:2-4; Jes. 6:1; Open 4:3). God kom Moses tegemoet. Hy gaan hom iets wys. Moses het God gesien, maar van agter en nie van voor nie (vers 23). Iets skemer hier deur in verband met die sien van God in ons daaglikse lewe. Ons as mense kan God nie in die gesig sien nie, ons sien slegs sy voetspore. Ons sien iets van God eers as Hy verby is. Ons sien van agter af. Dit is jou **verleentheid**, maar ook jou **geleentheid**. Jou **verleentheid** dat God al verby is voordat jy Hom bemerk. Maar dit is ook jou **geleentheid** om van agter af te kan terugkyk hoe die voetspore van God sigbaar is in wat met jou gebeur het. Al het jy dit nie altyd opgemerk nie, was God by jou teenwoordig.



## GOD SE OORDEEL AS JY JOU NIE BEKEER NIE

Lees: Lukas 13:1-9 Teks: Openbaring 2:5e

- Christus verdoesel nie die waarheid vir die gemeente van Efese nie. Hulle moet duidelik hoor wat gaan gebeur as hulle hulle nie aan die bekeringsroep van Christus steur nie.
- Christus sê: **“As julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat”** (vs.5e).
- Waarom sou Christus die dreigement tot die gemeente in Efese rig? Is daar werklik 'n rede voor?
  - \*\* Die rede word gevind in die wyse waarop Christus Hom aan die gemeente bekendstel. Jesus maak Homself bekend as die Een wat in die midde van sy kerk is, want hy gaan tussen die goue lampe rond (Op. 1:12-13; Op.2:1). Hy is derhalwe voortdurend in hulle midde en daarom moet hulle ooreenkomstig die wil van God wat in hulle midde is, lewe.
  - \*\* Christus het Hom ook so bekendgemaak in Openbaring dat die kerke tot die besef kan kom dat sy teenwoordigheid hulle moet troos en versterk (Op.1:17).
  - \*\* Terselfdertyd dien die teenwoordigheid van Christus in die midde van die gemeente as *oordelende dreigement* teen die kerk as die gelowiges hulle nie bekeer nie (vs.5e).

In die oordeelsdreigement wat Christus oor die gemeente uitspreek, sit daar ook die teken van God se genade ..... daar is vir hulle die moontlikheid om tot bekering te kom waardeur die oordeel van God afgewend kan word. Christus kom dus na sy kerk toe nie net in sy **genade** nie, maar ook in sy **oordeel**. Hy is nie net die Lam (genade) van God nie maar ook die Leeu (oordeel) uit die stam van Juda. Christus laat nie toe dat die gelowiges op aarde maar voortlewe soos hulle wil nie. Deur die tugtigende maatreëls roep Christus die gelowiges terug van die verkeerde lewenspad na die weg wat volgens die wil van God is (Ps.1). Deur met hierdie dissipline op te tree wys Christus dat Hy omgee. Hy wys dat Hy die ewige welsyn van die gelowiges op die hart dra. Die dreigement bestaan daarin dat Christus die lamp (die kerk in Efese) van sy plek sal wegneem. As die kerk dan nie langer die draer is van die goddelike lig nie, dan dien dit geen doel meer nie. Dan moet dit van sy plek weggeneem word. Dit beteken dat Christus die gemeente sal laat ophou bestaan. Net soos wat Christus die **ontstaan** en **voortbestaan** van sy kerk in sy hand het, het ook die **beëindiging** van sy kerk in sy hand. Dit moet elke lidmaat van elke gemeente onthou, want jou lewe as gelowiges is deel van die liggaam van Christus. En as die lidmate nie meer die **lig van die wêreld** is nie, dien hulle geen doel meer in die koninkryk van God nie. Daarom sal hulle weggeneem word vanweë onbekeerdheid.

*Dr. Nico van der Merwe*

## Susters

Saamroepster vir Maart 2011: Kotie Oosthuizen  
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:  
 Maart 2011: Wyke 26 – 28 en 1 & 5



## Susters se hulp nodig

Die susters soek na gewillige hande om te kom help met die skoonmaak van die kombuis en die spens van die kerk eerskomende **Woensdag, 16 Maart 2011, 09h00**. Kom deel in die geselligheid!



### Uit die Woord

Iemand wat 'n kwaai hond sommer aan die ore pak, so is iemand wat woedend instorm in 'n rusie wat hom nie aangaan nie.  
 [Sprenke 26:17]

### Wyse Woorde

Wat kwaadwillige praatjies betref, is dit 'n seën dat 'n mens kan weier om te luister. Net jammer dat die verteller nie wil hoor dat jy nie wil hoor nie.  
 [E.A. Boshoff].



- 'n Mens kan tegelyk hoog staan in die kerk en laag in die godsdien.
- Haat vergiftig die hater meer as die gehate.
- Om aan iets te werk sonder om vergoeding daarvoor te ontvang is goed vir jou karakter.
- Slegs op die weë van God lê die seëninge van God.
- God maak sy kinders groot deur hulle klein te hou.

**LIEF EN LEED**

- ✘ Ons hartlike gelukwense gaan aan ***br. Johan en sr. Hanlie Mocke*** met die verlowing van hul seun, Tiaan, aan Natasha Joubert. Tiaan en Natasha, ons wens julle 'n mooi toekoms en die seën van die Here toe !
- ✘ Die tweeling van ***Kobus en Annelise van Jaarsveld*** is uit die hospitaal ontslaan. Ons is verheug oor die nuus, sterkte word hul toegebied.
- ✘ Met ***oom Kosie Smit*** gaan dit nog soos dit is, oom Peet van der Walt het hom besoek. Sr. Alida Buys besoek oom Kosie gereeld. Baie dankie vir die besoeke. Beterskap en herstel word oom Kosie toegebied.
- ✘ Met ***br. Piet Kruger*** gaan dit elke dag beter alhoewel die herstel pad lank is. Ons dank God ook vir die herstel wat onder Sy hand sigbaar gebeur.

**WIE.....?**

Wie is ryk?

Die wat weinig begeer!

Wie is wys?

Die wat ander leer!

Wie is sterk?

Die wat hulleself regeer!

Wie is volwasse?

Die wat met oorgawe kan dien!

**KENNISGEWING**

In vorige Simbale is die gemeente gevra om die datum **16 April 2011** opsy te sit vir 'n gemeentebyeenkoms. Dit is nou bevestig dat die gemeente hulle nuwe leraar, dr. S.P. van der Walt en sy gesin, die naweek van **16 en 17 April 2011** ontvang. Daarom sal die gemeentebyeenkoms vir eers verval en vervang word deur hierdie heuglike gebeurtenis.

**'N PROPVOL SPENS!**

Die Sustersbestuur nooi u uit om **nie-bederfbare kruideniersware** te skenk vir die pastoriespens. U kan u bydraes in die houer in die kerk se voorportaal plaas!  
Baie dankie!  
Die Sustersbestuur

**NUUS VAN DIE KINDERHUIS**

- ✘ 'n Warm dankie aan almal van u wat deelneem aan die ***Pajama-Projek*** ! Dit groei mooi aan – sowat **13** van die **21** pakkies is al ingehandig!
- ✘ Baie dankie aan die 55-Plussers wat die Brei-'n-Blok-projek geloods het. Dit is vir kombesies vir die Kinderhuis sowel as bejaardes. Die van u wat nog die patroon wil bekom, skakel met Christa Snyman of Martie Venter.
- ✘ Twee diakens het gister (12 Maart) die Paul Kruger-Kinderhuis in Pretoria besoek. Meer nuus daaroor in die volgende Simbaal.



**BEWAAR**

Bewaar my voete...  
 dat hulle op die regte weë mag gaan.  
 Bewaar my hande...  
 dat hulle mag werk tot U eer.  
 Bewaar my oë...  
 dat hulle op U gerig bly.  
 Bewaar my ore...  
 dat hulle luister na U stem.  
 Bewaar my lippe...  
 dat hulle spreek volgens U wil.  
 Bewaar my hart...  
 dat dit alleen op U vertrou.

Amen

(Jo Kalmijn-Spierenburg)



Wie self sleg is,  
 noem God sleg.  
 Wie self blind is,  
 sê dat die son duisternis is.  
 Wie self doof is,  
 sê dat daar geen musiek bestaan nie.  
 Wie self afwesig is,  
 sê dat God nie daar is nie.  
 Wie self geestelik dood is,  
 sê dat God dood is.

(Overduin)

**HOE WORD JY GEESTELIK GEPROGRAMMEER?**

[Kolossense 2:8]

*“Pasop dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.”*

Dit is 'n vasstaande feit dat die omgewing 'n invloed op elke mens het. Daar word gepraat van “omgewings-stimulasie”. Dit is presies waarteen Paulus waarsku (vs. 8). Hy waarsku teen die gevaar om weggevoer te word, om op die verkeerde pad geplaas te word deur *teorieë en argumente wat misleidend is*. Paulus verwys hier na die *filosofieë* van die filosowe in Kolosse wat allerhande voorskrifte met 'n streng wettiese godsdienstige lewensstyl voorgestel het. Die “*oorlewering van mense*”(dwaling) staan in direkte kontras met “*Christus*”. Paulus verwerp alle filosofieë wat voorgee dat die mens – en nie Christus nie – die antwoorde op die lewensvrae bied. Só 'n filosofie word uiteindelik 'n vals godsdiens. Voordat die Kolossense tot geloof en bekering gekom het, het hulle geleef onder die invloed van dié filosofieë en die heidense omgewing. Hulle was daaraan blootgestel. Hulle moet daarom waaksaam wees dat hulle nie van Christus af weggevoer word terug na die heidense lewenswyse nie. Elke gelowige staan vandag voor die gevaar om deur 'n onskriftuurlike lewenspatroon van God weg te drywe. As verlostes in Christus moet die gelowige soos verlostes lewe. Jou gedagtes moet deur die Heilige Gees uit die Bybel geprogrammeer word en nie deur die dwalinge van die tyd nie. “*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe*” (Rom. 12:2).

# Verjaarsdae

15 Maart	Karen KOLLEKTES	
Datums	By die diakens	Sakkies by die deure
13 Maart	Barmhartigheid	Trans-Oranje Instituut
17 Maart	Barmhartigheid	Trans-Oranje Instituut
20 Maart	Barmhartigheid	Trans-Oranje Instituut
27 Maart	Barmhartigheid	Publikasies Teol. skool
3 April	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
21 Maart	Nadia Cornelius	
23 Maart	Paul Smit	
26 Maart	<b>GEMEENTEPROGRAM</b>	
Sondag 13 Maart 2011	Ds. Rogie Gans	09:30-10:30
Sondag 13 Maart 2011	Leza Jansen	10:30
Sondag 13 Maart 2011	Erchens	18:00-19:00
27 Maart	Louise Deiner	
28 Maart	Ronel de Klerk	
28 Maart	<b>TEESKINKBEURTE</b>	
Sondag 13 Maart 2011	Dieter Aucamp	Wyke 17 & 18
Sondag 20 Maart 2011	Gerhard Curtin	Langnaweek
Sondag 27 Maart 2011	Jan van der Walt	Vakansie
Sondag 3 April	Alome la Grange	Vakansie
2 April	J. J. van Ouden	

Dr. Nico van der Merwe

## 6. SIMBAAL 13 Maart 2011



## SIMBAAL 13 Maart 2011

7.

4 April	Wilna van der Merwe
4 April	Kobus Steenkamp (Jr.)
4 April	Gerda Olivier
4 April	Mianique de Wet
4 April	Adrian van Greuning
5 April	Petra Swanepoel
6 April	Marunelle Hitge
7 April	Reinardt Hitge
7 April	Koos Roodt
9 April	Gerhard de Bruyn
9 April	Chris Brits
9 April	Annabelle White
11 April	Yolanda Smit
11 April	Frikkie du Plessis
12 April	Mollie Dafue
12 April	Jan-Hendrik van der Walt
14 April	Chris van Ouuren
14 April	Marius Kilian
15 April	Marius Coetzee
17 April	Rita le Roux

Mag u nuwe lewensjaar baie geleenthede vir u bied om u familie te waardeer, u naaste lief te hê en u God te dien.



Laat asseblief weet as die besonderhede van bostaande verjaarsdae nie korrek is nie of as u naam per ongeluk uitgelaat is. Ons stel dit met graagte reg! Die redaksie werk met 'n verouderde gemeentelys.

- ♦ As jy begin dink jy raak ruimer in jou denke, pas net op dat jy nie besig is om jou gewete te rek nie.

- ◇ Kinders wat nie gereeld hulle ouers hoor bid nie, sal nie maklik gebedsmense wees as hulle groot is nie.
- ◇ Die beste en die vinnigste manier om tyd te verloor, is om geen tyd vir God te hê nie.